Downloaded from Stanmorephysics.com

Vertroulik

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

**MEI/JUNIE 2026**

Stanmorephysics.com

**PUNTE: 70**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 45 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

Downloaded from Stanmorephysics.com


**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die vrae oor die tekste wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vrae en kies die vrae wat jy wil beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Roman | (35) |
| AFDELING B: | Drama | (35) |
| AFDELING C: | Kortverhale | (35) |
| AFDELING D: | Gedigte | (35) |

3. Beantwoord vrae in TWEE afdelings, soos volg:

   AFDELING A: ROMAN
   Beantwoord die vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

   AFDELING B: DRAMA
   Beantwoord die vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

   AFDELING C: KORTVERHALE
   Beantwoord die vrae oor TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

   AFDELING D: GEDIGTE
   Beantwoord die vrae oor TWEE gedigte wat jy bestudeer het.

4. Gebruik die kontrolelys op bladsy 4 om jou te help.

5. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

8. Bestee ongeveer 75 minute aan elke afdeling.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from Stanmorephysics.com

**INHOUDSOPGAWE**

Kies TWEE afdelings.


| VRAAGNOMMER | PUNTE | BLADSYNOMMER |
|---|---|---|
| **AFDELING A: ROMAN** | | |
| **Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| 1. *Kringe in 'n Bos* | 35 | 5 |
| 2. *Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom* | 35 | 10 |
| 3. *Meeulanders* | 35 | 14 |
| 4. *Lien se Lankstaanskoene* | 35 | 18 |
| **AFDELING B: DRAMA** | | |
| **Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| 5. *Poppie – Die Drama* | 35 | 23 |
| 6. *Paljas* | 35 | 27 |
| 7. *Fiela se Kind – Die Drama* | 35 | 32 |
| **AFDELING C: KORTVERHALE** | | |
| **Beantwoord vrae oor AL TWEE kortverhale.** | | |
| 8.1 "*Two-step* in die Moederstad" | 18 | 37 |
| **EN** | | |
| 8.2 "Kringloop" | 17 | 39 |
| **AFDELING D: GEDIGTE** | | |
| **Beantwoord vrae oor AL TWEE gedigte.** | | |
| 9.1 "Dans van die reën" | 18 | 42 |
| **EN** | | |
| 9.2 "Die hardloper" | 17 | 44 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


**KONTROLELYS**

**Gebruik die kontrolelys om te verseker dat jy die vereiste getal vrae beantwoord.**

| AFDELING | VRAAGNOMMERS | GETAL VRAE BEANTWOORD | DUI AAN (✓) |
|---|---|---|---|
| A: Roman | 1–4 | 1 | |
| | | | |
| B: Drama | 5–7 | 1 | |
| | | | |
| C: Kortverhale | 8 | 1 (2 kortverhale) | |
| | | | |
| D: Gedigte | 9 | 1 (2 gedigte) | |
| **LET WEL:** Maak seker dat jy vrae oor slegs TWEE afdelings beantwoord het. | | | |

Downloaded from Stanmorephysics.com


**AFDELING A: ROMAN**

Beantwoord slegs EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

**VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS A**

"Ek gaan nie aan daardie boom kap nie, Pa."

Sy pa se oë was botstil in syne. "Gee vir hom 'n byl, Anneries!"

"Pa ..."

"Mý byl, Anneries!"

Oom Anneries het die byle 'n laaste trek met die platvyl gegee en nader gekom. Jozef was by hom.

"Ek sal kap, Pa," het Jozef aangebied. "Oom Anneries het gister self gesê ek kap goed."

Sy pa se oë was nog altyd botstil in syne.

"*Saul* sal kap! Hy sal valkant kap en oom Anneries agter."

"Pa het gesê ek en Jozef moet vanmiddag aan die oprolhoute begin kap," het Saul probeer wegskram. Hy het 'n lelike ding begin ...

"Julle kan gaat oprolhoute kap nadat jy gevoel het hoe 'n man se byl deur die lug swaai! Kom!" Sy pa was witkwaad.

"Ek kap nie aan daardie boom nie, Pa." Wat in hom ingevaar het, kon hy nie verstaan nie; hy het net een ding geweet: hy sou sy hand nie lig om aan daardie kalander te kap nie.

Sy pa het in sy spore omgetol en die stuk assegaai langs die vuur gegryp. "Praat my vandag nog een keer teë!"

"Pa ..."

"Solank jy in my span staan, sal jy kap waar ék sê jy moet kap!"

"Ek kap nie aan die kalander nie, Pa."

Toe die stuk assegaai hom skuins oor die blaaie tref, ...

1.1 VOLTOOI die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord **uit die roman** neer te skryf. Skryf slegs die EEN korrekte woord langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.4) neer.

Saul se ma het hom leer (1.1.1) … en skryf en sy pa het hom van die bome geleer. Die bosmense het hout gekap en aan die (1.1.2) … verkoop om aan die lewe te bly. (1.1.3) … het gesê hy soek dwarslêers en nie meer waenhout nie. Daarom het Joram Barnard en sy span hulle skerm langs die (1.1.4) …-rivier gebou, sodat hulle die kalanders daar kon kap. (4)

1.2 Waarom was Joram nie bang vir die Goewerment se plan om die Bos in dele te verdeel nie? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.3 Lees reëls 1, 15 en 22.

1.3.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Dit is 'n voorbeeld van ('n hiperbool/herhaling.) (1)

1.3.2 Wat beteken dit binne konteks van die uittreksel? (1)

1.4 "Toe die stuk assegaai hom skuins oor die blaaie tref, ..." (Reël 23)

Wat was die direkte gevolg hiervan vir Saul? (1)

1.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.5) neer.

Die toon in Joram se woorde in hierdie uittreksel kan as ... beskryf word.

A simpatiek
B aggressief
C bekommerd
D entoesiasties (1)

1.6 Saul wou die Bos beskerm.

Gee TWEE voorbeelde van hoe die Bos Saul se besluite positief beïnvloed het. (2)

1.7 Waarom is dit regverdig om te sê dat Joram Barnard by die tradisies van die Bosmense gehou het? (1)

1.8 "Ek sal kap, Pa," het Jozef aangebied. (Reël 7)

Waarom kan jy verstaan dat Jozef in hierdie situasie so optree? (1)

1.9 Saul doen nie altyd wat ander vir hom sê om te doen nie.

Waarom laat dit jou goed voel om te weet dat daar mense soos Saul is? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


1.10 Baie van die karakters se optrede is ironies. Dit is anders as wat die leser gedink het dit sou wees.

Kies die karakter se optrede uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas om dit ironies te maak. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.10.1 tot 1.10.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.10.1 | Joram Barnard was sterk en trots, maar hy … | A | het onder moeilike omstandighede vir arm kinders gaan skoolhou. |
| 1.10.2 | MacDonald het sy dogter verbied om met die Bosmense te meng, maar hy … | B | het probeer om eiendom aan Saul te verkoop. |
| 1.10.3 | Kate was 'n Engelse dame, maar sy … | C | het nooit teen sy mense gedraai nie. |
| 1.10.4 | Saul is deur die Bosmense as 'n verraaier gesien, maar hy … | D | het geld uit die Bosmense gemaak. |
| | | E | het vir *goodfors* gaan smeek. |

(4 x 1) (4)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS B**

… "Jy het niks met my kinders te doen nie. Niks!"

"Seker nie, maar ek gaan nog altyd vir jou vertel wat van hulle gaan word. Hulle sal gelap en gestop en verkneg staan soos jy, Jozef. Jy sal hulle sien byl swaai vir 'n tiekie se suiker en 'n tiekie se koffie en sien hoedat hulle nie eers hul eie name kan skryf nie!"

"Hou jou bek!" skree Jozef. Maar die eerste teken van onsekerheid slaan deur in sy stem en laat Saul die volgende hou vinnig kap.

"Hierdie keer het jy Oupoot gekies om jou skuld te betaal. Wat of wie gaan jy volgende keer uitsoek? Vir my?"

"Elke keer as jy jou voete in die Bos sit, is daar moeilikheid!"

"Selfs dit is 'n lieg en jy staan dit en glo," sê Saul sonder drif.

"En ons staan mekaar en aankap terwyl die wêreld om ons vergaan. Kruppelbos word. Kyk om jou, Jozef, kyk hoe dit oor vyftig, sestig jaar sal lyk nadat elkeen sy hap gehap het. Kyk wat daar vir jou kinders en hulle kinders sal oor wees en dan kom sê jy weer vir my jy staan voor niemand op koort nie." Dit lyk of daar 'n tamheid oor Jozef kom en hy skielik sonder omgee daar staan, of sy skouers onder 'n té swaar las wil meegee.

Downloaded from Stanmorephysics.com


1.11 Skryf die volgende VIER gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer soos wat dit in die roman gebeur.

- Maska het Saul op die *Pictor* besoek.
- Jozef het vir Terblans gevra om Oupoot te skiet.
- Saul het vir Maska gesê om vir Kate te gaan roep.
- Saul het vir Maska gevra om sy geweer te leen. (4)

1.12 Wat het gebeur voordat Saul by Oupoot kon kom om hom te skiet? (1)

1.13 "Hou jou bek!" (Reël 5)

1.13.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Jozef ervaar innerlike konflik, want hy (dink Saul jok vir hom/weet Saul praat die waarheid). (1)

1.13.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.13.1. (1)

1.14 "Elke keer as jy jou voete in die Bos sit, is daar moeilikheid!" (Reël 9)

1.14.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie woorde van Jozef is 'n voorbeeld van (diskriminasie/ vooroordeel). (1)

1.14.2 Motiveer waarom dit geloofwaardig is dat Jozef so dink. (1)

1.15 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.15) neer.

"Kruppelbos word." (Reël 11)

Dit beteken dat …

A daar net goedkoop hout beskikbaar sal wees.
B die Bos heeltemal uitgeroei sal word.
C niemand meer toegelaat sal word om in die Bos te bly nie.
D daar net sekere bome in die Bos sal oorbly. (1)

1.16 "… hoe dit oor vyftig, sestig jaar sal lyk nadat elkeen sy hap gehap het." (Reël 12 en 13)

1.16.1 Na wie verwys "elkeen"? (1)

1.16.2 Wat beteken hierdie aanhaling binne konteks van die roman? (1)

1.17 Freek Terblans het Oupoot se tande by Stopforth gekoop.

Gee 'n feit uit die roman om te sê waarom die stelling ONWAAR is. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


1.18 Hou die hele uittreksel in gedagte.

Hoe kry Saul dit reg om jou as leser saam met hom oor Jozef bekommerd te laat voel? (1)

1.19 Een van die lewenslesse in hierdie roman is dat 'n mens nie alles moet glo wat ander vir jou vertel nie.

Gee TWEE positiewe gevolge wat dit vir Saul as hoofkarakter gehad het. (2)

1.20 Die Bos sal altyd deel van Saul se identiteit wees.

Waarom pas die titel, *Kringe in 'n Bos*, by hierdie tema in die roman? (1)
**[35]**



Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS C**

Die koningin kom saam met die reën. Of die reën kom saam met die koningin. Dis ongelooflik, soos iets uit 'n fliek. Die oomblik toe die wit Golf voor die huis stilhou, is dit of 'n prop uit die lug getrek word, of 'n enorme bad iewers bo die lae wolke begin leegloop.

Ons het almal nuuskierig by die huis uitgepeul toe ons die kar hoor nader kom, maar die stortreën laat ons weer blitsig binnetoe vlug. Almal behalwe Amos, wat die kar soos 'n opgewonde hond bestorm. Die passasiersdeur word van binne af oopgemaak en hy skarrel by die kar in. Ons staar almal angstig deur die vensters aan die voorkant van die huis. Ná 'n paar minute word die kar omtrent onsigbaar agter die sluier van reën.

"Waarvoor wag sy?" vra Tibo met sy neus plat teen die ruit gedruk.

"Dat ons die rooi tapyt uitrol," mompel Yann.

"Miskien wil sy net eers 'n rukkie alleen wees saam met Amos," sê Mana onseker. "Sy't hom so lank laas gesien ..."

Yann gee Mana 'n eienaardige kyk, so asof hy wil sê: *En wat van my?*

"Nee, ek dink sy wag dat die reën oorwaai," sê hy suur. "Sy wil nie haar entrance bederf met 'n nat kapsel nie."

"Wel, dan gaan sy die hele nag in die kar bly sit," sê Beyers ...

2.1 VOLTOOI die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woorde **uit die roman** neer te skryf. Skryf slegs die EEN korrekte woord langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.4) neer.

Die vakansie op die berg was (2.1.1) ... se vreemde idee. Dit was net nadat hulle 'n nuwe huis naby (2.1.2) ... in Kaapstad gekoop het. Hanna was ontevrede omdat sy haar (2.1.3) ... verjaardag daar moes vier. Die gesin het 'n paar dinge op die berg gedoen wat hulle nie by hulle huis gedoen het nie. Hulle het byvoorbeeld almal saam 'n stillewe van aartappels en 'n glas water (2.1.4) ... en baie speletjies gespeel. (4)

2.2 "Die koningin kom saam met die reën." (Reël 1)

2.2.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die ander mense se idee van Margot wat 'n "koningin" is, is 'n voorbeeld van ('n aanname/manipulering). (1)

2.2.2 Motiveer waarom dit geloofwaardig is dat die ander mense so oor Margot dink. (1)

2.3 Waarom het Amos Margot vir 'n lang tyd nie gesien nie? (1)

2.4 Wat wou Hanna vir Sharon vra voordat Gavin en Margot op die berg opdaag? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

2.5 "Yann gee Mana 'n eienaardige kyk, so asof hy wil sê: *En wat van my?*" (Reël 14)

2.5.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Yann ervaar innerlike konflik, want hy (voel dat hy nie raakgesien word nie/is nie bly om sy ma te sien nie). (1)

2.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.5.1. (1)

2.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.6) neer.

"Sy wil nie haar entrance bederf met 'n nat kapsel nie." (Reël 15 en 16)

Die toon in Yann se woorde kan as … beskryf word.

A skaam
B hartseer
C sarkasties
D opgewonde (1)

2.7 Hanna was baie negatief oor die vakansiehuis wat so klein is.

Gee TWEE voorbeelde van hoe die dinge wat hulle in dié huis gedoen het, Hanna positief beïnvloed het. (2)

2.8 Waarom is dit regverdig om te sê dat Mana vir ander omgee, al is sy so anders? (1)

2.9 Baie van die karakters se optrede is ironies. Dit is anders as wat die leser gedink het dit sou wees.

Kies die karakter se optrede uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas om dit ironies te maak. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (2.9.1 tot 2.9.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.9.1 | Margot wou altyd mooi en versorg lyk, maar sy … | A | het hartseer gevoel omdat sy ma nie gedoen het wat sy gesê het sy sou doen nie. |
| 2.9.2 | Gavin was jare lank nie deel van Hanna se lewe nie, maar hy … | B | het nie aandag aan voorkoms gegee tydens Ditjie se geboorte nie. |
| 2.9.3 | Beyers het gemaak asof dit hom nie pla dat Margot in die motor bly sit nie, maar hy … | C | het maklik met kinders oor die weg gekom. |
| 2.9 4 | Yann het voorgegee hy gee nie om dat Margot nie saam met hulle is nie, maar hy … | D | het nie gekla oor die eenvoud van die huis nie. |
| | | E | het maar gaan help, sodat almal gerus kon voel. |

(4 x 1) (4)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com


Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS D**

... Maar Gavin lyk nie geïmponeer nie. Nie deur enigeen van ons nie. Behalwe deur Yann se wimpers.

"Fladder hulle," sê hy met 'n stuitige glimlag. "Sulke wimpers is gemáák om gefladder te word."

Yann staar na hom met stokstywe pupille. As hy sy oë knip, dink Gavin dalk hy fladder sy wimpers.

"Kom ek wys jou waar's die badkamer," sê Mana, dik van die lag, "dat jy darem die ergste modder kan afwas. Dan kan Beyers solank vir jou iets soek om aan te trek."

"Iets wat by my styl pas, asseblief tog, my engel," sê Gavin terwyl hy saam met haar uitstap.

"Op die oomblik lyk jou styl soos army camouflage' herinner Beyers hom. "Modder en nogmaals modder."

"Is hy altyd só?" vra Sharon die oomblik toe hy uit die vertrek is.

"Is hy altyd hóé?" vra ek.

"So snaaks," giggel sy. "So entertaining."

Ek kyk vies na haar.

"Dink net wat hy moes deurmaak, Hanna. Sy kar gaan staan iewers op 'n verlate pad en hy moet wie weet hoe ver deur die modder ploeter en hy reën sopnat en hy's half verkluim as hy hier aankom – en hy laat ons almal lag!"

"Hy's fabulous," stem Margot saam. "*Absolutely fabulous*."

"Het jy gesien hoe val hy by die deur in?" vra Tibo vir Amos. "Soos 'n cowboy wat geskiet is. Kadoef!"

2.10 Skryf die volgende VIER gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer soos wat dit in die roman gebeur.

- Hanna het besluit sy het nie meer vir Fabienne in haar lewe nodig nie.
- Margot is saam met Mana-hulle in die helikopter weg.
- Yann het die helikopter se aandag met 'n rooi vlag getrek.
- Margot het belowe om by haar kinders in die Kaap te gaan kuier. (4)

2.11 "Maar Gavin lyk nie geïmponeer nie. Nie deur enigeen van ons nie." (Reël 1)

2.11.1 Na wie verwys "ons"? (1)

2.11.2 Wat beteken hierdie aanhaling binne konteks van die roman? (1)

2.12 Gavin het vir Hanna 'n swart langbroek as verjaardaggeskenk gegee.

Gee 'n feit uit die roman om te sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

2.13 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.13) neer.

"... sê Mana, dik van die lag, ..." (Reël 7)

Dit beteken dat Mana ...

A hard gelag het.
B op hierdie dag al baie gelag het.
C skaam was dat sy vir hom gelag het.
D nie wou wys dat sy dink dit is snaaks nie. (1)

2.14 "Kadoef!" (Reël 22)

2.14.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Dit is 'n voorbeeld van (personifikasie/klanknabootsing). (1)

2.14.2 Wat beteken dit binne konteks van die uittreksel? (1)

2.15 Hoe kry Sharon dit reg om jou saam met haar positief oor ander mense te laat voel? (1)

2.16 Waarom laat Margot se besoek op die berg jou goed voel? (1)

2.17 "Yann staar na hom met stokstywe pupille." (Reël 5)

Waarom kan jy verstaan dat Yann in hierdie situasie so optree? (1)

2.18 Wat was die direkte gevolg van Gavin se kuier vir Margot? (1)

2.19 Een van die lewenslesse in hierdie roman is dat jy nie geld nodig het om gelukkig te kan wees nie.

Gee TWEE positiewe gevolge wat dit vir Hanna as hoofkarakter gehad het. (2)

2.20 Verskillende mense maak jou lewe interessant.

Waarom pas die titel, *Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom*, by die tema hierbo in die roman? (1)
**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS E**

"Pa ..."

"Laat my klaarpraat!" Hy voel hoedat sy asem in sy keel brand, sodat hy die woorde hortend uithyg: "Jy ... jy maak 'n plan met daardie vrou. Jy stuur haar terug eiland toe waar sy hoort, of jy trou haar. Maar solank sy in die hotel sit, sleep jy ons beeld deur dikker modder as wat Schalk ooit kon doen. Schalk is ten minste openlik oor wat hy doen en nie doen nie."

Hy moes nie Schalk ingesleep het nie, want Fred se oë word al donkerder: "Moenie met Skalla by my kom nie, Pa. As hy nie dáárdie aand met sy dronk gat agter die stuur ingeklim het nie, was Sheila nooit in 'n rolstoel nie. Dan was ons hele lewe anders. En dan het ek 'n normale huwelik gehad. In elk geval, as Pa nie wil hê Elsabet moet in die hotel tuisgaan nie, kan ek haar die woonstel aanbied."

"Hier onder ons dak?"

Fred klink ewe kalm: "Ja, Pa."

Hermanus kyk hom ontsteld aan: "Sy's Jacob Langhans se vrou, Fred."

"Hulle is aan die skei, Pa."

"Hulle sou nie aan die skei gewees het as jy nie tussenbeide gekom het nie. Toe jy geneuk het om die mosselvlot by Meeuland te gaan gooi, toe kon ek jou al presies vertel het hoe jou kop werk. Ek het jou probeer waarsku, onthou jy?"

Stanmorephysics.com

3.1 VOLTOOI die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woorde **uit die roman** neer te skryf. Skryf slegs die EEN korrekte woord langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.4) neer.

Die Blanckenbergs was 'n bekende familie in Salamanderbaai. Hulle het met hulle fabriek vir baie mense werk gegee. Dit was die grootste fabriek in die (3.1.1) … (area). Hermanus het twee seuns gehad. Skalla was Fred se (3.1.2) … Sy ma was Magdel. Fred was getroud en het (3.1.3) … kinders uit sy huwelik met Sheila gehad. Hermanus was jaloers op (3.1.4) … (naam) wie se seuns, Jacob en Attie, goeie seuns was. (4)

3.2 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.2) neer.

Die toon in Hermanus se gesprek met Fred kan as … beskryf word.

A angstig
B vriendelik
C aggressief
D spottend (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

3.3 "Maar solank sy in die hotel sit, sleep jy ons beeld deur dikker modder ..." (Reël 4 en 5)

3.3.1 Na wie verwys Hermanus wanneer hy die woord "sy" gebruik? (1)

3.3.2 Wat beteken hierdie aanhaling binne konteks van die roman? (1)

3.4 Janka het ook nou op Salamanderbaai gebly.

Gee 'n feit uit die roman om te sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

3.5 "... as wat Schalk ooit kon doen. Schalk is ten minste openlik oor wat hy doen ..." (Reël 5)

3.5.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Al het Schalk baie verkeerde dinge gedoen, was Hermanus (bevooroordeeld teenoor/partydig vir) hom. (1)

3.5.2 Motiveer waarom dit geloofwaardig is binne konteks van die roman. (1)

3.6 Waarom is dit regverdig om te sê dat Hermanus Fred nie met Skalla moes vergelyk nie? (1)

3.7 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.7) neer.

"Hy moes nie Schalk ingesleep het nie, want Fred se oë word al donkerder: ..." (Reël 7)

Dit beteken dat ...

A Fred baie ontsteld was oor Hermanus se woorde.
B Hermanus in Fred se oë wou sien of hy hom hoor.
C Fred sleg gevoel het oor sy pa se woorde.
D Hermanus hartseer was oor wat hy in Fred se oë gesien het. (1)

3.8 Lees weer reël 8 en 9.

Hoe kry Fred dit reg om jou as leser vir hom jammer te laat voel? (1)

3.9 "Sy's Jacob Langhans se vrou, Fred." (Reël 14)

Waarom laat Hermanus se woorde jou goed voel? (1)

3.10 Waarom was Elsabet so ongelukkig op Meeuland? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


3.11 "Hulle sou nie aan die skei gewees het as jy nie tussenbeide gekom het nie." (Reël 16)

Waarom kan jy verstaan dat Hermanus in hierdie situasie só optree? (1)

3.12 Die Blanckenberghuis het vir Elsabet hartseer gebring.

Gee TWEE voorbeelde van hoe hierdie hartseer Elsabet se lewe negatief beïnvloed het. (2)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS F**

Elsabet se naam skrei hard deur haar, soos die teken waarvoor sy wag. Sy kyk hom vreemd aan.

"Ek dink so baie aan haar," sê Fred. "En ek mis haar. Iets is onvoltooid, Ryna. Uiteindelik het ek so verskriklik leeg anderkant uitgekom. Wel, ek het my foute gemaak ... en ek het met Sheila ook foute gemaak. Onvergeeflike foute."

Sy sit haar koppie stadig neer. "Ons het almal ons foute gemaak, Fred. Ons dra almal dinge in ons harte waarvan die wêreld nie weet nie."

Hy kyk haar vraend aan.

Haar woorde kom sag en duidelik: "Onthou jy vir Veronica Kuiper? Hulle het haar Kinnie genoem."

Sy kyk nie na hom nie, maar voel aan hoedat hy aan die oorkant van die tafel verstyf. Sy voel hoedat haar woorde hom in 'n noute dompel en wanneer sy stadig opkyk, sien sy hoedat sy oë 'n uitkomplek uit die noute soek.

"Jannerik se dogter ... die een wat dood is," sê sy sag.

Sy hande bewe liggies om sy koppie. "Hoekom? Wat weet jy?"

Dit lyk asof elke greintjie lewe uit sy gesig gesypel het.

"Sal ons in die tuin gaan sit?"

Hulle gaan tuin toe en gaan sit op die tuinbank onder die prieel van wildedruif, wat nou in herfsrooi takke hang.

Sy begin praat. Die woorde kom asof uit die verskuilde skadu's.

3.13 Skryf die volgende VIER gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer soos wat dit in die roman gebeur.

- Elsabet en Fred het getrou.
- Skalla het die Meeulanders se Kersdag hartseer gemaak.
- Jacob het besef dat hy verlief is op Ryna.
- Ryna het vir Jacob van haar verlede vertel. (4)

3.14 Wat het Ryna vir die prokureur vertel voordat sy hier met Fred gesels het? (1)

3.15 "Wel, ek het my foute gemaak ..." (Reël 4)

Watter direkte gevolg het Fred se fout met Kinnie vir haar gehad? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

3.16 Baie van die karakters se optrede is ironies. Dit is anders as wat die leser gedink het dit sou wees.

Kies die karakter se optrede uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas om dit ironies te maak. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (3.16.1 tot 3.16.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.16.1 | Schalk het teruggekeer Salamanderbaai toe, maar hy … | A | het 'n stabiele lewe verlaat om leuens en hartseer te beleef. |
| 3.16.2 | Elsabet trou met Jacob om van Fred te vergeet, maar sy … | B | het nie die moed gehad om geheime en inligting te bespreek wat mense sou seermaak nie. |
| 3.16.3 | As burgemeester moes Fred 'n voorbeeld vir sy kinders en die gemeenskap wees, maar hy … | C | het net hartseer en probleme vir ander gebring. |
| 3.16.4 | Ousanna kon alles sien en het alles geweet wat vir mense antwoorde kon gee, maar sy … | D | het prokureurs gekry om te help. |
| | | E | het die vrouens vir wie hy lief was, se lewens vernietig. |

(4 x 1) (4)

Stanmorephysics.com

3.17 Lees reël 12 en 13.

3.17.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Fred ervaar hier innerlike konflik omdat hy geweet het dat hy (vir Jannerik gelieg het oor Kinnie se geld/verkeerde dinge met en teenoor Kinnie gedoen het.) (1)

3.17.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.17.1. (1)

3.18 " … verskuilde skadu's." (Reël 20)

3.18.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Dit is 'n voorbeeld van ('n metafoor/personifikasie). (1)

3.18.2 Wat beteken dit binne konteks van die uittreksel? (1)

3.19 Een van die lewenslesse in hierdie roman is dat daar mooi dinge uit verlies kan kom.

Gee TWEE positiewe gevolge wat dit aan die einde van die roman vir Ryna as hoofkarakter gehad het. (2)

3.20 'n Plek bind mense aan mekaar.

Waarom kan ons sê dat die titel, *Meeulanders*, by hierdie tema in die roman pas? (1)
**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS G**

*As I sit and watch the snow*
*Fallin' down*
*I don't miss you at all*
*I don't miss you at all*
verduidelik Norah.

Sy hou haar ma dop terwyl sy kou. Christien Jooste was eenmaal 'n *beaut*. Nou lyk sy oud en verwaarloos. Myle opgesit die laaste twee jaar. Sy het 'n slordige, vormlose bloes aan, en haar digte swart hare is ongekam. Sy gebruik nooit meer grimering nie.

Haar ma se gesig is die ene *Planet Euphoria*. Dis nie net die wyn nie, weet Lien. Musiek kon haar ma nog altyd na aan die hemel bring, wyn ofte not.

Dan bars die hel los. Die pianis is nou in vyfde rat en daar is geen sprake van 'n wysie meer nie. 'n Kakofonie van klanke, sê Lien in haar kop. Waar het sy dit onlangs gehoor? Ka-ko-fo-nie-van-klan-ke, sê sy stadig weer in haar kop.

" 'n Kakofonie van klanke," sê sy hardop.

Haar ma hoor nie, of sy maak of sy nie hoor nie. Sy maak snaakse rukbewegings met haar kop op maat van die musiek. Haar oë is steeds toe.

"Speel asseblief vir my iets," sê Lien op die ingewing van die oomblik.

"Ma het eeue laas aan die klavier gevat. Speel vir my daai Schubert-ding wat Ma altyd net vir my gespeel het toe ek klein was," pleit sy byna.

4.1 VOLTOOI die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woorde **uit die roman** neer te skryf. Skryf slegs die EEN korrekte woord langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.4) neer.

Lien en haar gesin het moeilike tye beleef. Hulle het in (4.1.1) … (stad) gebly, waar hulle nuwe leerders by Hoërskool Jakaranda moes wees. Lien het besluit om te begin werk. Tannie Bets het vir haar werk by tant (4.1.2) … se koffiewinkel gekry. Later werk sy vir Donovan en Dirkie by hulle (4.1.3) … Toe sy begin bedel, het sy haarself anders laat lyk met 'n (4.1.4) … en 'n brilletjie wat sy by juffrou Breytenbach geleen het. (4)

4.2 Wat het met Lien se pa gebeur voordat hulle in die woonstel gaan bly het? (1)

4.3 Waarom het Lien so graag na Norah se musiek geluister? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

4.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.4) neer.

"Myle opgesit die laaste twee jaar." (Reël 7)

Dit beteken dat Christien ...

A baie ver gery het om by die werk te kom.
B haarself nie versorg het nie en oud lyk.
C se motor wat baie oud was, probleme gegee het.
D swaarkry omdat sy alles in die woonstel moet doen. (1)

4.5 Lien was die hele tyd bekommerd oor haar ma.

4.5.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Lien ervaar innerlike konflik oor hulle huislike omstandighede, want (daar is nie goeie versorging in die huis nie/die plekkie waar hulle bly, is te klein). (1)

4.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.5.1. (1)

4.6 Lien was kwaad en wou sommer haar ma se klavier verkoop.

Waarom is dit reg dat Lien so gevoel het? (1)

4.7 "Musiek kon haar ma nog altyd na aan die hemel bring, wyn ofte not." (Reël 11)

4.7.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

As gevolg van alles wat die afgelope twee jaar gebeur het, het Lien (partydig vir/diskriminerend teenoor) haar ma gevoel. (1)

4.7.2 Motiveer waarom dit geloofwaardig is as jy aan die afgelope twee jaar van Christien se lewe dink. (1)

4.8 Hoe kry Lien dit reg om jou as leser jammer vir haar te laat voel omdat Christien haar geïgnoreer het? (1)

4.9 Waarom laat dit jou goed voel dat Lien alles moontlik probeer het om Braam te versorg? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


4.10 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.10) neer.

"Haar ma se gesig is die ene *Planet Euphoria*." (Reël 10)

Hiermee bedoel Lien dat haar ma in 'n … stemming was.

A vrolike
B hartseer
C opgewonde
D aggressiewe (1)

4.11 Wat was die direkte gevolg van Christien se drinkery op haar werk by Binnelandse Sake? (1)

4.12 Een van die lewenslesse in hierdie roman is om ander mense se hulp te aanvaar.

Watter TWEE positiewe gevolge het dit vir Lien as hoofkarakter gehad? (2)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS H**

Lien is half onwillig om haar veilige hawe te verlaat. Sy wens sy kan vir altyd hier bly.

Dan sien sy haar ma. Sy kom vanuit die rigting van die kleedkamers aangestap en kyk onseker om haar rond. Wanneer sou sy uitgekom het? Sy het 'n swart broek en 'n toppie aan wat Lien nog nie voorheen gesien het nie. (Tannie Bets?) Sy lyk moeg. Haar gesig is maer en bleek. Haar hare is in 'n los bolla in haar nek. Sy vat 'n glasie vrugtesap op een van die tafeltjies en kyk weer om haar rond. Sou sy die vertoning gesien het?

Tannie Bets waai vir haar ma, wat duidelik verlig in hulle rigting beweeg. Mathilda vat 'n blaaskans en staan op om vir haar 'n glasie koeldrank te skink.

"Speel vir ons iets, Christien," hoor sy tannie Bets sê. Van die ander mense koer saam. Lien kan sien die aand is vir haar ma 'n stryd. Haar ma skud haar kop. "Ag tóé, Christien," hou tannie Bets aan.

Haar ma huiwer. Dan slaan sy haar vrugtesap weg en sit haar handsak op die Steinway se klap neer. Daar is donker kringe onder haar oë. Sy sit eers 'n rukkie doodstil met haar oë op die klawers, vroetel dan onseker oor die note.

Toe begin sy speel. Sy sukkel aanvanklik, dan begin sy met meer selfvertroue speel.

4.13 Skryf die volgende VIER gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer soos wat dit in die roman gebeur.

- Miemie het Lien na haar huis toe genooi.
- Sally het Lien verras met haar optrede in die badkamer.
- Roos het Lien gehelp om vir haar bedel op straat voor te berei.
- Wouter en Lien het vriende geword. (4)

Downloaded from Stanmorephysics.com


4.14 "Lien is half onwillig om haar **veilige hawe** te verlaat." (Reël 1)

4.14.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Dit is 'n voorbeeld van ('n metafoor/personifikasie). (1)

4.14.2 Wat beteken dit binne konteks van die roman? (1)

4.15 Lien het by die skool se toneelopvoering betrokke geraak.

Noem TWEE voorbeelde van hoe die toneelruimte haar lewe by die skool positief beïnvloed het. (2)

4.16 "Wanneer sou sy uitgekom het?" (Reël 3)

4.16.1 Waarna verwys Lien met "uitgekom"? (1)

4.16.2 Wat beteken Lien se vraag binne konteks van die roman? (1)

4.17 Na hierdie aand kon Lien aangaan met haar toekomsplanne om 'n prokureur te word.

Gee 'n feit uit die roman om te sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

4.18 Baie van die karakters se optrede is ironies. Dit is anders as wat die leser gedink het dit sou wees.

Kies die karakter se optrede uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas om dit ironies te maak. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (4.18.1 tot 4.18.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 4.18.1 | Tibbey het vir Lien geleer om in moeilike tye te lag, maar hy … | A | het toe die krieketspan geborg. |
| 4.18.2 | Lien het gemaak asof sy nie omgee nie, maar sy … | B | wat haar die kans gegee het om op haar skoolwerk te fokus. |
| 4.18.3 | Braam was negatief ingestel teenoor Millennium Creations, maar hulle … | C | het self depressief geraak ná die ongeluk. |
| 4.18.4 | Lien was negatief teenoor Kuifie se belangstelling in haar gesin, maar dit was hy … | D | het gehelp toe niemand anders wou help nie. |
| | | E | het weer 'n kans geskep om geld te verdien. |

(4 x 1) (4)

4.19 "Sy sukkel aanvanklik, dan begin sy met meer selfvertroue speel." (Reël 15)

Waarom kan jy verstaan dat Christien in hierdie situasie só sukkel? (1)

4.20 Jy moet mense aanvaar vir wie en wat hulle is.

Waarom pas die titel, *Lien se Lankstaanskoene*, by hierdie tema in die roman? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING B: DRAMA

Beantwoord slegs EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

### VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS I**

STONE. Daar was nie ander werk nie. Omdat ek die kontrak gevat het, sal ek 'n erf kry en vir ons 'n huis daarop bou.
POPPIE. En hoe lank sal dit nog vat …
STONE. Hoe lank sal dit vat as ek nie kontrak gevat het nie?
POPPIE. Ja, maar die dairy-werk, dit was die laaste … jy's anders gewoond. Jy gaan jouself verniel met hierdie kontrakwerk.
STONE. Enige oomblik kan die poeliesse my voorkeer en my vra: "Waar's jou pas?" En my vat. Selfs al gaan ek nou terug Lambertsbaai toe, kan hulle my vat. Watter ander pad is daar vir my om te loop? *(Stone draai weg, loop agtertoe.)*
POPPIE *(aan gehoor)*. My broers, nou, hulle het nie so baie moeilikheid gehad om werk te kry nie. Hulle name het op Mama se huiskaart gekom, maar ek was getroud, toe is ek nie op haar kaart nie. Toe het ek nou ook nie papiere nie.
HOEDJIE. Jy moet papiere kry, Sisi. As jy nie papiere het nie, maak die witmense met jou net wat hulle wil.
POPPIE. Hoe kry ek dan papiere? As vrou van 'n man wat kontrak het, sal dit vir my swaar wees.
HOEDJIE. Kom saam met my Woodstock toe ... As hulle jou by force van Lambertsbaai laat kom het, moet hulle vir jou papiere gee.

5.1 VOLTOOI die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woorde **uit die drama** neer te skryf. Skryf slegs die EEN korrekte woord langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.4) neer.

In 1955 het Poppie se mama en broers Lambertsbaai verlaat nadat die (5.1.1) ... hulle huise aan die brand gesteek het. In die Kaap gaan vestig Poppie se ma hulle in (5.1.2) ..., die spesiale dorp vir die Bantoe-mense. Poppie het 'n (5.1.3) ... later by Mama-hulle gaan bly toe al die ander huise om haar platgeslaan is. Poppie kon nie te lank by Mama-hulle bly nie, want daar was nie genoeg (5.1.4) ... nie. (4)

5.2 Waarom het Poppie gedink dit sou nodig wees vir Katie om uit die skool te gaan? (1)

5.3 Stone het eers op Lambertsbaai gebly.

Gee TWEE voorbeelde van hoe sy tyd op Lambertsbaai sy lewe positief beïnvloed het. (2)

5.4 Wat het gebeur voordat Stone by Poppie in die Kaap kon aansluit? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

5.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.5) neer.

"STONE. Hoe lank sal dit vat as ek nie kontrak gevat het nie?" (Reël 4)

Die toon in Stone se woorde as hy met Poppie praat, kan as ... beskryf word.

A simpatiek
B vriendelik
C sarkasties
D ongeduldig (1)

5.6 Lees reël 7 en 8.

5.6.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie optrede van die polisie is 'n voorbeeld van (diskriminasie/ vooroordeel). (1)

5.6.2 Motiveer waarom dit geloofwaardig is binne konteks van die drama. (1)

5.7 Waarom is dit regverdig om te sê dat Hoedjie dit reggekry het om Poppie te help? (1)

5.8 Poppie se familie het hulle gehelp om hulle huis in Jakkalsvlei te bou.

Waarom kan jy verstaan dat Poppie se familie in hierdie situasie só optree? (1)

5.9 Hoe kry Stone dit reg om jou as leser jammer vir hom te laat voel? (1)

5.10 Baie van die karakters se optrede is ironies. Dit is anders as wat die leser gedink het dit sou wees.

Kies die karakter se optrede uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas om dit ironies te maak. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (5.10.1 tot 5.10.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 5.10.1 | Stone het geweet die werk by Philippi was gevaarlik, maar hy ... | A | het kritiek gehad vir ander se werksomstandighede. |
| 5.10.2 | Poppie het tot laat in die aande gewerk, maar sy ... | B | moes wegtrek om 'n huis in Mdantsane te kry. |
| 5.10.3 | Poppie het nie aan die strikes deelgeneem nie, maar sy ... | C | het nie 'n keuse gehad as jy naby jou gesin wou bly nie. |
| 5.10.4 | Poppie en Stone het alles probeer om hulle gesinslewe stabiel te hou, maar hulle ... | D | het nie 'n keuse gehad nie en moes hospitaal toe gaan. |
| | | E | moes die polisie steeds twaalfuur in die nag in haar huis toelaat. |

(4 x 1) (4)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com


Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS J**

MOSIE. Dit sal nie maklik end kry nie, Sisi. Dit was nie net die Afrikaans education-ding nie. Soos die Xhosa-spreekwoord sê: bendifu-na nje inyathele ekonsini. Ek wou gehad het jy moet op my liddoring trap, daai slag as jy op my liddoring trap, gaan ek jou slaat, nie net vir die liddoring nie, maar vir die ou goete ook. Ek dink dis wat nou gebeur. Toe hulle vir die education ding geskiet is, toe kom al die ou goed van die swaar van die ouers en alles op, die skool was net die liddoring gewees.
MAMA. Die kinders word nou astranter. Hulle noem hulleself die Comrades, hulle sê vir die grootmense:
JAKKIE. Julle tyd is verby.
KIND 1. Julle moet luister as ons praat.
KIND 2. Vir wat brand ons die biersale af as die sjebeens nog drank verkoop?
MOSIE. Toe maak hulle oorlog teen die sjebeens.
MAMA *(kyk na papier)*. Die kinders het my hierdie notices gebring wat sê die mense moet ophou wyn koop en verkoop in die huise.
KIND 1. Ek is nie geleerd nie, deur my pa en my ma se gedrinkery ...
KIND 2. My pa en my ma kom Vrydagaande nie huis toe nie, hulle drink by die sjebeens ...
KIND 3. My pa kom laat en as hy kom, is hy lankal dronk. Dan is sy wages gerob.

5.11 Skryf die volgende VIER gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer soos wat dit in die drama gebeur.

- Jakkie moes vlug om van die polisie af weg te kom.
- Poppie se kinders het in die Ciskei gaan bly.
- 'n Dwaalklip het Vukile se dood veroorsaak.
- Stone het gesterf. (4)

5.12 "Dit sal nie maklik end kry nie, Sisi." (Reël 1)

5.12.1 Na wat verwys die "Dit"? (1)

5.12.2 Wat beteken hierdie aanhaling binne konteks van die drama? (1)

5.13 "... die skool was net **die liddoring** gewees." (Reël 6)

5.13.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Dit is 'n voorbeeld van 'n (metafoor/hiperbool). (1)

5.13.2 Wat beteken dit binne konteks van die drama? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

5.14 "Hulle noem hulleself die Comrades, ..." (Reël 7)

5.14.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Mama ervaar innerlike konflik oor Jakkie as deel van die Comrades, want hy is (die een wat moeilikheid vir die gesin gaan bring/besig om 'n informant vir iemand te wees.) (1)

5.14.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 5.14.1. (1)

5.15 Jakkie en die kinders het ook in die sjebeen-huise gaan drink.

Gee 'n feit uit die drama om te sê waarom die stelling ONWAAR is. (1)

5.16 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.16) neer.

"Dan is sy wages gerob." (Reël 18)

Dit beteken dat hy ...

A by die sjebeens beroof is.
B al sy geld by die sjebeens opgedrink het.
C vir sy kinders wou wys hoe om 'n man te wees.
D die sjebeen-eienaars betaal het om kinders daar te laat drink. (1)

5.17 Wat was die direkte gevolg vir Mama toe Jakkie weggeraak het? (1)

5.18 "Die kinders het my hierdie notices gebring ..." (Reël 13)

Waarom laat dit jou goed voel as jy die notices sien wat Mama gekry het? (1)

5.19 Een van die lewenslesse in hierdie drama is dat familie mekaar altyd sal help.

Gee TWEE positiewe gevolge wat dit vir Poppie as hoofkarakter gehad het. (2)

5.20 'n Ma sal enige iets vir haar kinders doen.

Waarom pas die titel, *Poppie – Die Drama*, by hierdie tema in die drama? (1)
**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS K**

HENDRIK: Wie's julle, as ek mag vra.
SAMBO: Wie's jy?
HENDRIK: Ek is Hendrik McDonald en dis my stasie hierdie.

Die mans kyk om hulle rond.

SOLLIE *(bo-op die trok)*: Moerse ou stasietjie.
HENDRIK *(woedend)*: Ek het gesê klim af. Dis spoorwegeiendom!
SAMBO: Se gat.

Hendrik wil 'n tree vorentoe gee, maar die man by die opslaantafeltjie, ene Barnie, laat los skielik 'n jagmes wat soos 'n weerligstraal uit sy hand uit blits en in 'n groot houtkrat vastril wat hier drie treë van Hendrik af op die perron staan. Hy haal nóg so 'n mes uit die tassie op die opslaantafel en weeg dit in sy hand.

HENDRIK: Is julle spul bedonnerd of wat? Dis spoorweggoeters hierdie. *(Sambo skud sy kop.)* Nou wat dan?
SAMBO: Sirkustrein. *(Hy wys na die woonwa agter hom en ons sien die sirkus se naam groot daarop geverf.)*
HENDRIK: Nou wat soek Boswell se trein op my spoor? Of gaan julle vir my sê julle't hom padlangs gebring?
SAMBO: Die een of ander dikdom Dirk soos jy het hom op die verkeerde stasie afgehaak. *(Dis vir Hendrik te veel. Hy stap reguit op hierdie Sambo af wat self 'n fris vent is. Maar daar klap nog 'n mes in die krat in, nou reg langs Hendrik.)* Die trein moes op Uniondale gewees het.
HENDRIK: So vat hom. Weg is jy. Die pad Uniondale toe is syntoe. *(Hy wys.)*

6.1 VOLTOOI die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woorde **uit die drama** neer te skryf. Skryf slegs die EEN korrekte woord langs die vraagnommers (6.1.1 tot 6.1.4) neer.

Hendrik was die (6.1.1) ... op 'n klein stasietjie in die Karoo. Die dag toe die vreemde trein op die stasie aangekom het, het (6.1.2) ... eerste wakker geword. Hendrik het niks van die trein af geweet nie. Nadat hy 'n paar ander stasies gebel het, het hy heel laaste die stasie op (6.1.3) ... gebel. Hendrik het besef dat hierdie trein tot die volgende (6.1.4) ... op sy stasie sou staan. (4)

6.2 Watter vreemde geluid het die McDonalds gehoor voordat hulle opgestaan het? (1)

6.3 Waarom het die mense op die ander stasies vir Hendrik gelag? (1)

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from Stanmorephysics.com

6.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.4) neer.

Die stemming tussen Hendrik, Sambo en Barnie kan as ... beskryf word.

A hartseer
B vriendelik
C aggressief
D bekommerd (1)

6.5 Lees reëls 18 tot 20.

6.5.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hendrik het innerlike konflik oor Sambo se woorde gehad, want hy was (seker dat hy die situasie kon hanteer/onseker oor wat hy moes doen). (1)

6.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.5.1. (1)

6.6 "..., ene Barnie, laat los skielik 'n jagmes **wat soos 'n weerligstraal** uit sy hand uit blits ..." (Reël 8 en 9)

6.6.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Dit is 'n voorbeeld van 'n (metafoor/vergelyking). (1)

6.6.2 Wat beteken dit binne konteks van die uittreksel? (1)

6.7 Waarom is dit regverdig om te sê dat die aankoms van die trein tog positief was? (1)

6.8 Die karakters gebruik lelike woorde in hierdie situasie.

Waarom kan jy verstaan dat die karakters in hierdie situasie só optree? (1)

6.9 Hoe kry Hendrik dit reg om jou as leser te laat voel dat hy eintlik net sy werk goed wou doen? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


6.10 Baie van die karakters se optrede is ironies. Dit is anders as wat die leser gedink het dit sou wees.

Kies die karakter se optrede uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas om dit ironies te maak. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (6.10.1 tot 6.10.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.10.1 | Hendrik se huwelik was nie gelukkig nie, maar hy ... | A | het anders opgetree toe hy seergekry het. |
| 6.10.2 | Willem het nie daarvan gehou dat sy pa hom pla nie, maar hy ... | B | het aanhoudend probeer om Emma in 'n vaste verhouding te kry. |
| 6.10.3 | Sirkusmense doen gewoonlik dinge om mense gelukkig te maak, maar hulle ... | C | het altyd mooi opgetree teenoor ander. |
| | | D | het hom glad nie aan die ander kinders se geterg gesteur nie. |
| 6.10.4 | Manuel het geglo dat lag beter is as huil, maar hy ... | E | het die stasie se mense ongelukkig gemaak. |

(4 x 1) (4)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com


Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS L**

HENDRIK: Wie dink hulle is hulle? *(Hy is baie opgeskroef.)* Wie die moer dink hulle is hulle?
KATRIEN: Hendrik.
HENDRIK: Nee, ek vra. Ons pla niemand. Ons sukkel aan op ons eie manier. Ek laat verdomp niemand my rondneuk met 'n spul mausers nie.
KATRIEN: Dis hoekom ek sê: gaan polisie toe.
HENDRIK: Nee, Katrina. Die polisie is saam met hulle. Ek het gesien daardie dag toe die polisie hier was. Hulle verstaan g'n niks van ons af nie.
EMMA: Pa, ons is nie so ingewikkeld nie.
HENDRIK: Presies! Ons is maar net mense. Wat ons ding op ons eie manier doen. Maar daar's 'n groot wêreld daar buitekant, my kind, wat sê: Julle doen dit soos ons almal dit doen, of ons maak ons mausers leeg op julle.

Willem het binnegekom en hy staan langs sy ma.

KATRIEN: Sê hy al iets?
WILLEM: Hy slaap.
HENDRIK: Ek is Hendrik McDonald. En ek mág ek wees. En jy mag Emma wees. En Ma en Willem en almal. Nollie Kemp is Nollie Kemp en klaar. Ons is ons met al ons skete en al. *(Hy kyk skielik vir Willem.)* Of wat sê jy, Willem?
WILLEM: Manuel het niemand iets gedoen nie.
HENDRIK: Presies!

129. Manuel lê vir die dak en kyk. Willem staan langs die bed. Hy is besig om Manuel uit te lok soos Manuel hom aanvanklik uitgelok het. Hy maak soos 'n hoenderhen.

6.11 Skryf die volgende VIER gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer soos wat dit in die drama gebeur.

- Frans het vir die dorpsmense gesê die stories oor die McDonalds is vals.
- Die dominee het die McDonalds besoek om oor hulle lewens te praat.
- Die polisie het die vreemde goed in die skuur gekry.
- Willem het weggeraak. (4)

6.12 "Wie dink hulle is hulle? *(Hy is baie opgeskroef.)* Wie die moer dink hulle is hulle?" (Reël 1 en 2)

6.12.1 Na wie verwys die "hulle"? (1)

6.12.2 Wat beteken hierdie aanhaling binne konteks van die drama? (1)

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com


6.13 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.13) neer.

"*(Hy is baie opgeskroef.)*" (Reël 1)

Dit beteken dat Hendrik ... was.

A ontsteld
B gelukkig
C hartseer
D tevrede (1)

6.14 "Die polisie is saam met hulle. Ek het gesien daardie dag toe die polisie hier was." (Reël 7 en 8)

6.14.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Met hierdie woorde impliseer Hendrik dat die polisie (diskrimineer teen/bevooroordeeld is teenoor) die McDonalds. (1)

6.14.2 Motiveer waarom dit binne konteks van die drama geloofwaardig is. (1)

6.15 Die dominee was bly om Manuel in die kerk te sien.

Gee 'n feit uit die drama om te sê waarom die stelling ONWAAR is. (1)

6.16 Ná die skietery het Hendrik vir Manuel na hulle huis toe gevat.

Gee TWEE voorbeelde van hoe die McDonalds in hulle huis Manuel se lewe positief beïnvloed het. (2)

6.17 Manuel en Willem het maats geword.

Wat was die direkte gevolg hiervan vir Willem? (1)

6.18 Lees reëls 16 tot 18.

Waarom laat Hendrik se optrede hier jou goed voel? (1)

6.19 Een van die lewenslesse in hierdie drama is dat 'n mens nie altyd reg is nie.

Gee TWEE positiewe gevolge wat hierdie lewensles vir Hendrik as hoofkarakter gehad het. (2)

6.20 Een mens kan baie ander mense se lewens verander.

Waarom kan ons sê dat die titel, *Paljas*, by hierdie tema in die drama pas? (1)
**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 7: *FIELA SE KIND – DIE DRAMA* – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS M**

FIELA *(op band)*: ... Vaal en stroef. Soos die wet. Dit het gevoel of die dooie vensters my aangluur omdat ek voor hulle durf talm. Waar is hy? Waar is die kind? Onder watter dak kruip die twee vredestoorders weg? *(*FIELA *gaan klop aan deur. Deur oop.)*

MAN: Yes?

FIELA: Ek moet met die magistraat praat, baas. Dit is dringend. Ek het twee dae geloop om hier te kom.

MAN: Could you repeat that in English?

FIELA: Here, baas, roep vir my iemand wat Hollands kan praat. Ek moet die magistraat sien.

MAN AF.

FIELA *(op band)*: Seil soos 'n slang, Fiela! As jy voor 'n wit mens verleë staan, moet jy laag buk.

*Die skoonmaker, 'n bejaarde bruin man, kom op met besem en emmer.*

FIELA: Mens, ek kan jou amper met die hand groet. Waar is die magistraat?

SKOONMAKER: Oppie bank, antie.

FIELA: Loop sê vir hom Fiela Komoetie van die Lange Kloof is te voet hier om hom te sien.

SKOONMAKER: Weet *mister* Goldsbury van antie?

FIELA: Hoe sal hy weet as niemand hom loop sê nie? Kan hy Hollands praat?

SKOONMAKER: Ja.

FIELA: Wat 'n genade. Nou loop sê vir hom ek is hier.

SKOONMAKER: Waaroor wil antie die magistraat sien?

FIELA *(vererg haar)*: Dit is nie jou saak nie.

SKOONMAKER: Die magistraat is besig, antie.

FIELA: Hy sal ophou besig wees as hy hoor dat ek 'n ernstige klagte te lê het.

7.1 VOLTOOI die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woorde **uit die drama** neer te skryf. Skryf slegs die EEN korrekte woord langs die vraagnommers (7.1.1 tot 7.1.4) neer.

Die Komoeties bly in die Lange Kloof op die plaas, (7.1.1) ... Daar boer hulle met bokke, skape, koring en mielies. Hulle het ook twee (7.1.2) ..., Skopper en Pollie. Hulle verkoop gewoonlik al hulle produkte aan die smous, Meneer (7.1.3) ... Op 'n dag het daar twee mans aangekom wat deur die Goewerment gestuur is om al die mense in die land te tel. Fiela moes die (7.1.4) ... bring waarin haar familie se inligting neergeskryf was. (4)

7.2 Wat het die vredestoorders belowe voordat hulle vir Benjamin Knysna toe gevat het? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


7.3 "Onder watter dak kruip die twee vredestoorders weg?" (Reël 2 en 3)

7.3.1 Na wie verwys Fiela as sy van die "twee vredestoorders" praat? (1)

7.3.2 Wat beteken dit binne konteks van die drama? (1)

7.4 "Seil soos 'n slang, Fiela!" (Reël 12)

7.4.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Dit is 'n voorbeeld van ('n vergelyking/personifikasie). (1)

7.4.2 Wat beteken dit binne konteks van die uittreksel? (1)

7.5 Waarom het Fiela gevoel asof sy die skoonmaker sommer met die hand kon groet? (1)

7.6 Fiela was geïrriteerd met almal by die hof op Knysna.

Waarom is dit regverdig dat Fiela so gevoel het? (1)

7.7 Waarom laat dit jou goed voel dat Fiela bereid was om te voet tot in Knysna te stap? (1)

7.8 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.8) neer.

"Wat 'n genade. Nou loop sê vir hom ek is hier." (Reël 22)

Die toon in Fiela se woorde is een van ...

A hoop.
B frustrasie.
C moedeloosheid
D verligting (1)

7.9 Die Komoetie-kinders het 'n goeie lewe op die plaas gehad.

Gee TWEE voorbeelde van hoe hierdie ruimte die kinders se lewens positief beïnvloed het. (2)

7.10 Die skoonmaker het die magistraat gebring om met Fiela oor die ernstige klagte te praat.

Gee 'n feit uit die drama om te sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

7.11 Een van die lewenslesse in hierdie drama is om aan te hou en op die goeie te fokus.

Watter TWEE positiewe gevolge het dit vir Fiela as hoofkarakter gehad? (2)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS N**

MAGISTRAAT: Besef jy met wie jy praat?
FIELA: Nee, baas, maar die eintlike een met wie ek wil praat, die een wat sy lyf oor my grootmaakkind staan Salomo hou het, is die magistraat.
MAGISTRAAT: Jy *staan* voor die magistraat. *Ek* is die magistraat.
FIELA *(snak na haar asem)*: Dan staan ek nou uiteindelik voor die regte man, weledele heer. Dan kan ons die ding nou uiteindelik van voor af praat.
MAGISTRAAT: Die kind is aan sy ouers terugbesorg, die saak is afgehandel.
FIELA: Dis nie die voorpunt van die saak nie, weledele heer. *(Verskeie deure oop. Mense loer uit.)* Die voorpunt lê by hoe weledele heer uitgereken het 'n kleine kind van drie tot agter in die Lange Kloof gekom het?
MAGISTRAAT: Ek rig aan jou 'n laaste waarskuwing, die saak is afgehandel.
FIELA: Was weledele heer al ooit hier agter deur die Bos en oor die berge?
MAGISTRAAT: Die moeder van die kind het hom onmiddellik tussen vier ander uitgeken!
FIELA: Wie sê die bosvrou het die kind nie per ongeluk reg uitgewys nie?
MAGISTRAAT: Sy het nie. Daar was 'n getuie by.
FIELA: Baas, ek het ver gekom, ek staan verkommer oor die kind, ek staan nie vandag hier voor weledele heer vir myself nie, ek staan vir 'n kind. God vergewe ons baie, maar God vergewe ons nie die kwaad wat ons 'n kind aandoen nie. Ek staan vandag in baas se mag ...

Stanmorephysics.com

7.12 Skryf die volgende VIER gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer soos wat dit in die drama gebeur.

- Fiela het twee keer na die veldkornet gaan soek, maar hy was elke keer weg.
- Fiela het 'n klein seuntjie voor haar deur gekry.
- Fiela wou vir Petrus Zondagh van die kind vertel, maar hy was by die see.
- 'n Kind het in Kom-se-Bos weggeraak. (4)

7.13 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.13) neer.

"... die een wat sy lyf oor my grootmaakkind staan Salomo hou het ..." (Reël 2 en 3)

Met hierdie woorde bedoel Fiela dat hierdie een ...

A die Bybel en Salomo baie goed geken het.
B Haar grootmaakkind van Salomo geleer het.
C Presies dieselfde gedoen het as wat Salomo gedoen het.
D Gedink het sy besluit oor Fiela se grootmaakkind is die regte besluit. (1)

7.14 Hoe wys Fiela dat sy dink die magistraat weet nie alles nie? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


7.15 Fiela was bekommerd oor haar grootmaakkind.

7.15.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Fiela ervaar innerlike konflik oor Benjamin, want sy het geweet dat (hy baie bang moes wees/dit eintlik die beste vir hom was). (1)

7.15.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.15.1 (1)

7.16 "Die kind is aan sy ouers terugbesorg, die saak is afgehandel." (Reël 7)

7.16.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

As gevolg van die wette van daardie tyd, was die magistraat (partydig/manipulerend) in hierdie saak. (1)

7.16.2 Motiveer waarom dit geloofwaardig is binne konteks van die drama. (1)

7.17 Baie van die karakters se optrede is ironies. Dit is anders as wat die leser gedink het dit sou wees.

Kies die karakter se optrede uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas om dit ironies te maak. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (7.17.1 tot 7.17.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.17.1 | Benjamin was Fiela se hanskind, maar sy ... | A | kon sien dat Benjamin nie iemand was vir agterloop nie. |
| 7.17.2 | Selling het Fiela se leiding aanvaar, maar hy ... | B | Het opgestaan teen die mishandeling van die seun. |
| 7.17.3 | Nina was baie lief vir die Bos, maar sy ... | C | Het swaar gekry toe liefde op sy pad kom. |
| 7.17.4 | Barta was bang vir Elias, maar sy ... | D | Het hom meer beskerm as die ander. |
| | | E | Wou nie weer deel word van die lewe van houtkappers nie. |

(4 x 1) (4)

7.18 Wat was die direkte gevolg van Lukas wat as grootmens vir die bosvrou gaan vra het wat die waarheid is? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

7.19 "God vergewe ons baie, maar God vergewe ons nie die kwaad wat ons 'n kind aandoen nie." (Reël 18 en 19)

Waarom kan jy in hierdie situasie met Fiela se woorde identifiseer? (1)

7.20 Alles sal goed uitwerk as jy nooit ophou om na antwoorde te soek nie.

Waarom kan ons sê dat die titel, *Fiela se kind*, by hierdie tema in die drama pas? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

Downloaded from Stanmorephysics.com


## AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale uit die bundel wat jy bestudeer het.

## VRAAG 8: *SPIEËLBEELDE*

### 8.1 "*TWO-STEP* IN DIE MOEDERSTAD" – Mioné du Toit

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS O**

> Om nie aan te gaap nie, stap Marie-hulle naderhand aan. Die lied volg hulle, deur die strate, later deur die Tuine. Sy kan nie help om kort-kort om te kyk na soveel onbevange lewensblyheid nie.
>
> In die museum se nuwe planetarium sit sy agteroor in die heerlike stoele. Nie eens die vertroude ou museum is dieselfde nie. In die kunsmatige sterrehemel is daar geen verligting vir die verdriet wat hulle twee so ry nie. Nie die praat daaroor of die stilswye verminder dit met een aks nie. Die vreugde wat hulle in al die vertroude uitstappies probeer herwin, skyn nie terug uit die kunssterre nie.
>
> ***
>
> Op een van die bankies onder die museumstoep sak die twee dansers uitasem neer. Die bottel gaan van hand na hand na mond.
>
> "Lyk maar vir my *damn sad*, die twie," lispel hy sonder tande. Sy sluk eers. "Ja, in dan nog so *grand-like*, met daai twie reëndjassies. In daai *smart* handsak van haar. Wat vriet hulle, *scheme* jy?"
>
> Hy kyk uit oor die nuwe plaveisel, verby die boomfossiel, af see se kant toe.
>
> "Sal selfie kan sê nie." Die bottel gaan heen en weer. " 'n Mens sal kan rieken dis hulle wat die *troubles* het met die groot kinners saam, nie onsie." Hy staan op, skiet die leë bottel in die vullishouer en steek sy hand uit na haar.

8.1.1 VOLTOOI die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woorde **uit die kortverhaal** neer te skryf. Skryf slegs die EEN korrekte woord langs die vraagnommers ((8.1.1(a) tot 8.1.1(d)) neer.

Die ryk paartjie het hierdie dag 'n paar plekke besoek. Toe Marie in 'n (a) ... kyk, het sy geskrik vir haar gesig wat so oud lyk. Die vorige jaar was sy en haar man opgewonde om die (b) ..., wat nêrens in die Noorde gekoop kon word nie, in die musiekwinkel te kry. Haar man het ná hierdie inkopie vir haar (c) ...-liedjies op die strand gaan sing. Vanjaar koop sy in haar geliefde boekwinkel *The Works of William* (d) ..., net omdat sy voel sy moet darem iets koop. (4)

8.1.2 Watter tipe musiek het Marie en haar man in die dwarsstraatjie gehoor? (1)

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com

8.1.3 Waarom kon Marie nie glo dat die twee mense so vrolik was nie? (1)

8.1.4 "Die vreugde wat hulle in al die vertroude uitstappies probeer herwin, skyn nie terug uit die kunssterre nie." (Reëls 7 tot 9)

(a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die ryk egpaar ervaar innerlike konflik, want (hulle kon nie meer alles bekostig wat hulle wou hê nie/daar is 'n hartseer waaroor hulle nie kon praat nie). (1)

(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.1.4(a). (1)

8.1.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.1.5) neer.

"Ja, in dan nog so *grand-like*, met daai twie reëndjassies." (Reël 13)

Die toon wat die vrou hier gebruik, is ...

A hartseer.
B Verbaasd.
C Geïrriteerd.
D Bekommerd. (1)

8.1.6 "Wat vriet hulle, *scheme* jy?" (Reël 14)

Waarom is dit regverdig dat die arm paartjie hierdie vraag vra? (1)

8.1.7 Die arm paartjie het onder die museumstoep gesit.

Gee TWEE voorbeelde van hoe die arm paartjie hierdie ruimte saam geniet het. (2)

8.1.8 "Hy staan op, skiet die leë bottel in die vullishouer en steek sy hand uit na haar." (Reël 19 en 20)

Waarom kan jy in hierdie situasie die man se optrede teenoor sy vrou verstaan? (1)

8.1.9 Hoe kry die ryk paartjie dit reg om jou as leser jammer vir hulle te laat voel? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


8.1.10 Baie van die karakters se optrede is ironies. Dit is anders as wat die leser gedink het dit sou wees.

Kies die karakter se optrede uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas om dit ironies te maak. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (8.1.10(a) tot 8.1.10(d)) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| (a) *Two-step* verwys na 'n vrolike en lewendige atmosfeer, maar ... | A nou maak die item wat nou drie keer soveel werd is, nie meer saak nie. |
| (b) Die vorige jaar het dit in die Kaap gesneeu, maar ... | B Besluit om te sing en te dans. |
| (c) Toe hulle die vorige jaar die buffet gekoop het, het hulle oor die prys gestry, maar ... | C Nie eers die nuwe planetarium met al sy gemak en luukse maak hulle gelukkig nie. |
| (d) Die arm paartjie gesels oor hulle eie hartseer oor hulle kinders, maar ... | D In die kortverhaal lees ons van hartseer en belangeloosheid. |
| | E Hulle het nogtans hulle tyd saam geniet. |

(4 x 1) (4)

**EN**

8.2 **"KRINGLOOP" – Ruto Vambo**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS P**

Gideon de la Mer is die geur van die maand. Uit elke koerant wat jy oopslaan, glimlag sy haastande jou toe en staar sy leepogies agter die bottelboomlense jou bysiende aan. Dit sou nie verregaande wees om te beweer dat Gideon de la Mer 'n huishoudelike naam geword het nie, soos Miesies Bôls of Dali Tambo eens op 'n tyd.

Hulle sê daar's 'n tyd en 'n plek vir alles. Die verpotte klein boekwurm van 'n Gideon de la Mer het homself altyd misplaas gevoel totdat sy tyd en plek aangebreek en hy die avontuurlus van die massas aangegryp het. Kyk, niemand kan betwyfel dat hy 'n uitnemende kernfisikus is nie, maar so is tienduisend ander. Daar is maar een Einstein, een Hawking in 'n leeftyd miskien. Nee, Gideon se krag lê in sy visie en die feit dat hy die regte man op die regte plek en tyd is.

Na die laaste kernoorlog is die finale verdrag onderteken wat 'n verbod op ALLE kernontploffings geplaas het. Geen land, nie eers die Reënboogrepubliek of Irak sou weer sulke dinge kon doen nie, en allermins die liewe patria, Frankryk, wat gedurig onwettige proewe op eensame eilande bly waag het nie. Politieke sanksies en die impak daarvan op verkiesings in hulle eie lande dwing selfs die moedswilligste onder moedswillige regerings om twee keer te dink.

Downloaded from Stanmorephysics.com

8.2.1 Skryf die volgende VIER gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer soos wat dit in die kortverhaal gebeur.

- Daar het chaos op die rooi planeet geheers.
- Die duisternis het oor die aarde uitgesak.
- Daar is 'n plan beraam om kerntoetse uit die ruimte te doen.
- Wetenskaplikes was opgewonde oor Gideon wat hulle beroep weer bekend gemaak het. (4)

8.2.2 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.2.2) neer.

"Gideon de la Mer is die geur van die maand." (Reël 1)

Dit beteken dat Gideon ...

A hierdie maand sy graad gekry het.
B 'n nuwe produk bekendgestel het.
C skielik baie gewild was in die media.
D hierdie maand sy verjaarsdag gevier het. (1)

8.2.3 "... staar sy leepogies agter die **bottelboomlense** jou bysiende aan." (Reël 2 en 3)

(a) Dit is 'n voorbeeld van ('n metafoor/personifikasie). (1)

(b) Wat beteken dit binne konteks van die uittreksel? (1)

8.2.4 "Die verpotte klein boekwurm van 'n Gideon de la Mer het homself altyd misplaas gevoel ..." (Reël 6 en 7)

(a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die spreker is (partydig vir/bevooroordeeld teenoor) Gideon op grond van sy voorkoms en leefwyse. (1)

(b) Motiveer waarom dit geloofwaardig is binne konteks van die kortverhaal. (1)

8.2.5 Ná die laaste kernoorlog is daar besluit dat daar nie meer kernontploffings mag wees nie.

Waarom laat dit 'n mens goed voel dat daar so 'n besluit was? (1)

8.2.6 "Daar is maar een Einstein, een Hawking in 'n leeftyd miskien." (Reël 10 en 11)

(a) Na wie verwys Einstein en Hawking? (1)

(b) Waarom word hierdie mense juis hier genoem? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

8.2.7 Een van die lewenslesse in hierdie kortverhaal is dat konflik tussen samelewings probleme veroorsaak.

Gee TWEE gevolge wat dit vir die Aarde gehad het. (2)

8.2.8 Watter direkte gevolg het Gideon de la Mer se kerntoetse op die ekspedisie gehad wat na die oppervlak gekom het? (1)

8.2.9 Daar is 'n eerstepersoonsverteller in hierdie kortverhaal.

Gee 'n feit uit die kortverhaal om te sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

8.2.10 Een persoon se verkeerde besluite kan miljoene mense se lewens negatief beïnvloed.

Waarom kan ons sê dat die titel, "Kringloop", by hierdie tema in die kortverhaal pas? (1)




**TOTAAL AFDELING C: 35**

Downloaded from Stanmorephysics.com


## AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte uit die bundel wat jy bestudeer het.

## VRAAG 9: *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

9.1 **"DANS VAN DIE REËN" – Eugéne N Marais**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**DANS VAN DIE REËN – Eugéne N Marais**

*Lied van die vioolspeler, Jan Konterdans, uit die Groot Woestyn*

O die dans van ons Suster!
Eers oor die bergtop loer sy skelm,
en haar oge is skaam;
en sy lag saggies.
En van ver af wink sy met die een hand;
haar armbande blink en haar krale skitter;
saggies roep sy.
Sy vertel die winde van die dans
en sy nooi hulle uit, want die werf is wyd en die bruilof groot.

Die grootwild jaag uit die vlakte,
hulle dam op die bulttop,
wyd rek hulle die neusgate
en hulle sluk die wind;
en hulle buk, om haar fyn spore op die sand te sien.
Die kleinvolk diep onder die grond hoor die sleep van haar voete,
en hulle kruip nader en sing saggies:
"Ons Suster! Ons Suster! Jy het gekom! Jy het gekom!"

En haar krale skud,
en haar koperringe blink in die wegraak van die son.
Op haar voorkop is die vuurpluim van die berggier;
sy trap af van die hoogte;
sy sprei die vaal karos met altwee arms uit;
die asem van die wind raak weg.
O, die dans van ons Suster!

[Uit: *Versamelde gedigte*, JL van Schaik, 1936]

9.1.1 VOLTOOI die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woorde **uit die gedig** neer te skryf. Skryf slegs die EEN korrekte woord langs die vraagnommers (9.1.1(a) tot 9.1.1(d)) neer.

Die reën is vir mens en dier soos 'n (a) ... en almal kan dit bywoon. Die grootwild ruik die reën; daarom is hulle neusgate (b) ... oop. Die kleinvolk is vrolik en hulle (c) ... omdat dit vir hulle 'n positiewe belewenis is. Wanneer die reën uiteindelik oor 'n groot gebied val, beskryf die spreker die reën as 'n (d) ... wat oopgesprei word. (4)

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com


9.1.2 Gee EEN rede waarom die digter 'n subtitel in hierdie gedig gebruik. (1)

9.1.3 Haal EEN reël uit strofe 1 aan wat vir ons sê dat die weerlig van ver af blits. (1)

9.1.4 Skryf EEN woord uit strofe 1 neer wat sê dat die Suster almal met haar hand nader roep. (1)

9.1.5 Watter menslike eienskappe gee die digter in reëls 4 tot 8 vir die reën? Noem TWEE. (2)

9.1.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (9.1.6) neer.

Daar is 'n ... stemming in hierdie gedig, want almal word deel van die goeie gebeurtenis.

A vrolike
B hartseer
C vriendelike
D depressiewe (1)

9.1.7 Na watter ruimte word almal genooi om die reën te ervaar? (1)

9.1.8 Haal VYF OPEENVOLGENDE woorde uit strofe 2 aan wat daarop dui dat die reën bo die grond val. (1)

9.1.9 Lees reël 17.

Noem TWEE tegnieke wat die digter gebruik om respek en blydskap uit te beeld. (2)

9.1.10 Skryf die volgende VIER gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer.

- Dit reën oor 'n groot gebied.
- Die donderweer raak harder.
- Die diere sien die eerste reëndruppels op die grond.
- Die winde word uitgenooi om deel te wees van die fees. (4)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com

9.2 **"DIE HARDLOPER" – Ernst van Heerden**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**DIE HARDLOPER – Ernst van Heerden**

Met wilde maar met suiwer hart
het hy die woeste wedren fel begin,
en elke myl met rappe voet getart,
hy sou die vlugste lopers nog oorwin.

Sy hart het hoog geklop, sy bloed was heet,
die winde het sy haregolf gelig;
met snelle draf het hy die baan gemeet,
die vreug van spierkrag was op sy gesig.

Hy het geloop met stormdrang in sy bloed,
sy ademstoot 'n hete windgejaag,
die see se branding in sy strenge moed,
toe hoor hy reeds die donker, bitter vraag:

Wie is die ongesiene makker in die loop,
van wie die voet langs syne en die wind
van asem agter hom, van wie die hoop
dat nog 'n bors die dun wit lint mag vind?

Dié vreemde spanmaat het hy nie geken,
nooit hardloop hy weer sonder pyn of vrees;
hy weet al het hy nou die loop gewen,
die ander man sal eendag eerste wees.

[Uit: *Weerlose uur*, Nasionale Pers, 1942]

9.2.1 Watter rym kry ons in hierdie gedig? (1)

9.2.2 Gee TWEE redes waarom die hardloper seker was dat hy die wedren sou wen. Skryf dit in jou EIE sinne. (2)

9.2.3 Die gedig bestaan uit vyf koeplette.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

9.2.4 Lees strofe 2.

(a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Uit hierdie strofe kan ons aflei dat die hardloper die wedloop (geniet/gehaat) het. (1)

(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 9.2.4(a) deur VIER OPEENVOLGENDE woorde aan te haal. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


9.2.5 Noem TWEE dinge wat aandui dat daar 'n wending in reël 12 is. (2)

9.2.6 Lees reël 4 en reël 20.

(a) Waarna verwys "die vlugste lopers nog oorwin" in reël 4? (1)

(b) Hoe het dit in reël 20 verander? (1)

9.2.7 Hoe slaag die digter daarin om die spreker se donker, bitter vraag te beklemtoon? (1)

9.2.8 Watter woorde in die slotstrofe hou direk verband met die woorde "die dun wit lint mag vind" (reël 16)? (1)

9.2.9 Kies die begrip uit KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (9.2.9(a) tot 9.2.9(c)) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| (a) | "Hy het geloop met **stormdrang** in sy bloed," | A | inversie |
| | | B | simboliek |
| (b) | "Vreemde spanmaat" | C | ironie |
| (c) | "nooit hardloop hy weer sonder pyn of vrees;" | D | metafoor |

(3 x 1) (3)

9.2.10 Waarom sal die hardloper nou altyd vrees ervaar? (1)

9.2.11 Hoe is die inhoud van hierdie gedig ook op jou van toepassing? (1)

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou